

Donderdag 23 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:28; Efesiërs 3:1-13

Die tweede Geestesgawe: Profete

Die gawe van die Heilige Gees in die profete is in die besonder aan die gawe van die apostels verbonde. Soos die apostels is hulle in die besonder geroep en opgedra om die geheimenis van Christus se koms te verstaan. Daar-die geheimenis is die verlossingsplan van God in Christus, wat ook die heidene insluit. Dit beteken dat die heidene deur die geloof in God en aan sy evangelie mede-erfgename van die ewige lewe, medelede van die liggaam van Christus en deelgenote van die vryspraak in Christus Jesus is.

Nadat die fundamente van die kerk gelê is, gaan die gawe van die profete oor in die ampte van leraar en ouderling. Tog speel die profete ’n belangrike rol in die verkondiging van die evangelie. Al was die heiden-Christene nie deel van die Ou-Testamentiese kerk nie, word hulle ook deel van die Nuwe-Testamentiese kerk op grond van hulle geloof in Jesus Christus en ontvang hulle ook die doop en seël van God se beloftes. Saam met die apostels is die profete bevoorreg om in te sien wat die “gemeenskap van die verborgenheid” is.

Om aan daardie verborgenheid gemeenskap te hê, beteken om in te sien, te verstaan en te glo aan God se verlossingsweg of verlossingspad in Jesus Christus. Hoe Jesus Christus met sy sterwe en opstanding die verhouding wat Adam en Eva tussen God en die mens verbreek het, weer herstel het, sodat dié wat in Hom glo, kinders van God is en erfgename van die ewige lewe. Die “owerhede en magte” is die engele wat begerig was om God se verlossingsplan te weet en tot die geboorte, sterwe en opstanding van Jesus Christus moes wag om God se verlossingsplan te verstaan (1 Pet. 1:12).

Watter voorreg dat ons dit mag verstaan deur die kosbare getuienis van die Heilige Gees!

Sing: Psalm 91:6 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)